



ONWETTIGE JAG MET HONDE: TERSAAKLIKE WETGEWING, KLAGTES EN OORTREDINGE VAN TOEPASSING

Verskeie wette kan toepassing vind by gevalle van ***Onwettige jag met honde***.

Daar bestaan nie 'n spesifieke misdaadkode op die Misdaad Administrasie Stelsel (MAS) van die SAPD, genaamd "Onwettige jag met honde" nie, wat misdrywe, klagtes en oortredings wat binne die trefwydte van die omskrywing resorteer, verder bemoeilik.

Daar is 'n verskeidenheid van klagtes/oortredings wat sekere misdaadkodes op die MAS bevat, wat die misdryf dus kan uitmaak.

Die jagbedrywighede het meer georganiseerd en gesofistikeerd geraak die afgelope dekade en dra by tot spanning tussen boere, gemeenskappe, natuurbewarings organisasies, die SAPD en die oortreders.

Oortreders blyk ook goed ingelig te wees met betrekking tot hul regte en gebruik regskeppings tot hul voordeel om sulke situasies uit te buit.

Dit is dus belangrik dat boerderygemeenskappe deeglik bewus is van watter klagtes, oortredings die tipe misdryf kan uitmaak ten einde hul plaaslike polisie ook behulpsaam te wees om die klagtes te formuleer. Die SAPD word herhaaldelik ingelig dmv provinsiale instruksies en riglyne oor hoe om die misdryf aan te spreek.

1. Wet op Oortreding, Wet 6 van 1959

Die eerste klagte/oortreding is voor die hand liggend, dus betreding wat 'n Bylaag 1 misdryf is.

Art 1 handel oor die verbod op toegang tot en teenwoordigheid op privaat grond.

'n Grondeienaar, wettige okkupeerders/huurders/bewoners of gevolmagtigde persoon in beheer van die grond mag enige persoon wat die grond sonder toestemming betree, of wat poog om 'n misdryf te pleeg, of redelikerwys vermoed 'n misdryf gaan pleeg, sonder 'n lasbrief arresteer in terme van **Artikel 42(1 en 2)** van die **Strafproseswet, Wet 51 van 1977** – dit verwys dus na 'n siviele arrestasie.

2. Opsetlike Saakbeskadiging, Gemenereg (misdaadkode)

Enige persoon (oortreder) wat wederregtelik en opsetlik beweegbare/roerende of onbeweegbare/onroerende eiendom wat aan iemand anders behoort, beskadig is skuldig aan 'n oortreding.

Beweegbare/roerende en onbeweegbare/onroerende eiendom sluit in omheinings en hekke, asook 'n besering wat tot die dood van 'n dier wat aan die grondeienaar behoort, toegedien word.

3. Wilddiefstalwet, Wet 105 van 1991

Art 3 van bogenoemde wet spesifiseer dat enige persoon wat grond betree, of wat wild verwilder of weglok, skuldig is aan 'n oortreding. As dit bewys kan word dat die oortreder wederregtelik en opsetlik iemand anders se grond waarop wild is, betree, of die opset gehad het om wild te steel, te verjaag of weg te lok van die grond, skuldig is en dat hy/sy (oortreder) die teendeel moet bewys.

Waar 'n oortreder omheinde grond wat aan 'n grondeienaar behoort, betree met 'n aantal honde, skep dit alreeds die vermoede dat die persoon daar is om diere op die betrokke grond te jag/vang/dood te maak.

Indien daar vee op die grond teenwoordig is, sal daar voldoende omstandighede teenwoordig wees om 'n suspisie te vorm dat die oortreders op die grond is om vee of wild te dood. Die onus berus op die oortreder wat die honde vergesel om te bewys dat hy nie die opset het om sodanige vee of wild te dood nie.

4. Omheiningswet, 31 van 1963

Art 22 bepaal dat 'n persoon skuldig is aan 'n misdryf as hy 'n hek in 'n heining oopmaak, die hek ooplos of nie vasmaak of versuim om die hek toe te maak, indien hy dit oopvind toe hy daardeur gegaan het.

Art 23 bepaal dat enige persoon wat deur 'n draad of oor 'n hek klim sonder die toestemming van die grondeienaar/huurders van die grond, skuldig is aan 'n misdryf.

Art 24 bepaal verder dat 'n persoon wat opsetlik 'n draad/heining of enige gedeelte wat deel vorm van so 'n draad/hek beskadig/verwyder, skuldig is aan 'n misdryf.

Die maksimum straf vir hierdie misdryf is 'n boete van R150 wat as 'n geringe oortreding beskou word alhoewel daar is prosesse aan die gang is om die wetgewing te wysig.

5. Veediefstalwet, 57 van 1959

Art 4 van bogenoemde wet bepaal dat 'n persoon skuldig is aan 'n misdryf indien hy/sy aangetref word op grond wat ten volle omhein is, of in 'n kraal/skuur/stal of ommuurde plek is met die opset om enige vee/produkte daarbinne te steel.

Die onus berus op die oortreder om te bewys dat hy geen intensie gehad het om vee/produkte te steel nie. Die persoon kan moontlik op 'n pad of deurgang gevind word wat dit moeilik maak om die teendeel te bewys.

Art 9 (1) van die Veediefstalwet maak ook voorsiening daarvoor dat 'n grondeienaar 'n indringer sonder 'n lasbrief mag arresteer as daar 'n redelike vermoede is dat hy 'n misdaad gepleeg het.

6. Dierebeskermingswet, 71 van 1962

Art 2 (1)(g) bepaal dat enige persoon wat 'n dier aanhits of uitlok om 'n ander dier aan te val, skuldig is aan 'n misdryf.

Dit is 'n boete tot die maksimum van R4000-00 (indien nie betaal nie, gevangenisstraf vir 'n maksimum periode van 12 maande opgelê kan word).

7. Vrystaatse Provinsiale Natuurbewarings Ordonnansie, 8 van 1969

Dié Vrystaatse Provinsiale Ordonnansie is nog nie gewysig of herroep nie.

Art 4(2) bepaal dat geen persoon gewone wild mag jag nie, behalwe

- a) As hy/sy 'n lisensie/permit gekry het om gewone wild te jag (Art 37(2));
- b) As hy/sy onder die direkte toesig van die grondeienaar die jag uitvoer, of skriftelike toestemming van die grondeienaar het om die jagtog uit te voer;

Art 9 verbied die jag van wilde diere met 'n hond, behalwe waar 'n permit uitgereik is (honde kan wel gebruik word om voëls te jag, of wilde diere wat gekwes is in 'n wettige jagtog te soek)

Art 39(3) bepaal dat 'n gemagtigde beampte (natuurbewaringsbeampte of polisiebeampte) 'n hond van kant mag maak wat wild soek/agtervolg wat nie in 'n wettige jagtog gebruik was nie – dit is slegs van toepassing op wild en nie vee nie.

Polisiebeamptes kan beslag lê op **bewysstukke (getuienis)** wat die volgende insluit:

- Fluitjies of instrumente wat gebruik word om die honde te beheer;
- Gereedskap om die draad / heining te knip;
- Honde wat gebruik was in die jagtog – hier moet redelike vermoede/gronde wees dat die honde betrokke was en dat die honde beserings aan wild toegedien het – die polisie kan SAPD 299 kennisgewing gee aan die eienaar van die honde ten einde die honde beskikbaar te hou totdat kriminele verrigtinge gefinaliseer is of kan die DBV kontak om beslag te lê op die honde.

Die straf vir die oortreding van Art 40 misdrywe is 'n boete wat nie 'n bedrag van R20 000-00 oorskry nie, of gevangenisstraf vir 'n tydperk van 5 jaar.

Die misdrywe in terme van die Vrystaatse Ordonnansie is Bylae 1 misdrywe en 'n arrestasie sonder 'n lasbrief deur 'n privaat persoon sal wettig wees.

8. Vrystaatse Hondebelasting Ordonnansie, 10 van 1968

Art 9 van die Ordonnansie bepaal dat 'n hond van kant gemaak kan word deur 'n bevel van 'n grondeienaar indien die hond betree op die grond en nie vergesel is van 'n persoon nie, of indien dit skade op sodanige grond veroorsaak het (wild vermink/gedood)

'n Grondeienaar, wettige okkupeerder, persoon in beheer van die grond moet bewus wees dat 'n hond slegs van kant gemaak kan word, as dit onvergesel is van 'n eienaar, of waar dit beserings aan wild aangerig het, of waar dit in proses is om skade aan te rig (noodtoestand).

9. Nasionale Wet op Omgewingsbestuur en Biodiversiteit, Wet 10 van 2004

Die wet maak voorsiening vir regulasies (lyste) wat jaarliks uitgereik word rakende bedreigde en beskermde wildspesies en handel oor die jag, vang of doodmaak van sodanige spesies. Boetelyste vir oortredings word deur landdroste opgestel wat ook vervat is in die Vrystaat Natuurbewarings Ordonnansie.

PAAR PRAKTIESE RIGLYNE VIR BOERE:

'n Paar praktiese riglyne word hieronder verskaf vir boere oor wat hul te doene staan ten einde die onwettige jag met honde voorkomend en effektief aan te spreek saam met die SAPD, NVG, DBV, Natuurbewaring en ander rolspelers:

- Wanneer 'n grondeienaar skade lei, kan hy 'n vergoedingsbevel of kompenserende boete wat die waarde van die eiendom aandui, teen die oortreders instel (waar die eienaars van die honde bekend is);
- Dit word aanbeveel dat 'n grondeienaar sy plaaslike plaaswag stelsel in kennis sal stel/mobiliseer waar onwettige jagters in groepe op sy plaas opdaag, dit sal onwys wees om die persone alleen te konfronteer, hul is in baie gevalle arrogant, aggressief en moontlik gewapen;
- 'n Grondeienaar moet sy werkers inlig dat geen persoon toestemming sal verkry om grond te betree, vergesel met honde of vir jagdoeleindes nie en dat 'n werker wettiglik nie sodanige toestemming mag verleen nie;
- Boere word ook versoek om Agri SA/VL se plaasprotokol borde of toepaslike kennisgewings by hekke/ingange en of grensheinings aan te bring;
- Rapporteer alle sake aan die polisie, hou rekord van alle saaknommers en volg op wat gebeur, ook in die howe;
- Bewaar die misdaadtoneel totdat die polisie, natuurbewaring en DBV opdaag (waar beserings van diere en of skade gelei is);

- Teken die name van moontlike getuies aan;
- Waar moontlik, neem fotos van voertuie, honde en verdagtes (moet nie foto's van verdagtes sirkuleer op sosiale media platforms nie);
- Die Plaaslike Aanklaer van die Nasionale Vervolging Gesag (NVG) kan betrek word by Boerevereniging vergaderings waar insidente bespreek word met riglyne oor hoe om dit te hanteer vir suksesvolle vervolging;
- Die Polisie, veral Landelike Veiligheidskoördineerder van die SAPD kan versoek word om patrollies te ry wanneer tendense/patrone bepaal word, asook om bewusmakingsveldtogte onder gemeenskappe te loods.

SLOT:

Elke saak moet op sy eie meriete en omstandighede beoordeel word by wyse van watter klagtes/oortredings gevoeg kan word op 'n saakdossier.

Betreding gaan heel waarskynlik die maklikste wees om te bewys of waar skade aangerig en diere beseer is, Opsetlike Saakbeskadiging, bepalings onder die Dierebeskermingswet of Wilddiefstalwet, ens.



VRYSTAAT LANDBOU
TSA TEMO FREISTATA
FREE STATE AGRICULTURE

ERKENNING:

AgriSA., Onwettige jag met honde, riglyne, wees goed ingelig en tree versigtig op, 2017

Vrystaat Landbou (VL)., Onwettige jag met honde, “van kant maak van ‘n hond”, Desember 2023

SAPD Vrystaat., Onwettige jag met honde op plase, Provinsiale instruksie, 30 November 2015, Desember 2023; 18 Februarie 2020, 7 Desember 2023 (Adv Lane)

Nasionale Landelike Beveiliging Strategie (NLBS), Implementerings riglyne, 2011

Free State Nature Conservation Ordinance, No 8 of 1969 commencement date 1 January 1970

Magistrate's court judiciary, office of the Chief magistrate, Bloemfontein: Determination in terms of Section 57(5) of the Criminal Procedure Act, no 51 of 1977, Fine list/description of charges, 2 February 2023



VRYSTAAT LANDBOU
TSA TEMO FREISTATA
FREE STATE AGRICULTURE